



Geloofsbelydenis

In antieke tye was 'n skietlood gebruik om die bouwerk te toets. Enige muur wat nie haaks met die grond gebou is nie, sal deur die skietlood as brouwerk uitgewys kan word. Die Bybel praat van ons as die gebou van God, gebou op Christus as die hoeksteen.

In die gees van hierdie toetsing staan hierdie publikasie bekend as Die Skietlood. Ons teologie, ons geloof en ons kerkwees moet ook getoets word. Dit beteken dat nie net afgehandelde bouwerk na die tyd getoets kan word nie, maar ook dat teologie as dissipline getoets kan word.

Teen hierdie agtergrond gaan die volgende paar uitgawes van Die Skietlood gewy word aan ons *credo's* – die geloofsbelydenisse. *Credo*, letterlik vertaal uit Latyn, beteken “ek glo”. Ons verstaan die Apostoliese-, die Niceense geloofsbelydenis en die geloofsbelydenis vernoem na Athanasius as toetsstene vir ortodoksie (Suiwer leer/ Suiwer teologie). Anders gestel, enige teologiese stelling wat in kontras staan tot hierdie drie belydenisse, word as dwaling of kettery beskou. Die Skietlood gaan fokus op die Niceense en Apostoliese geloofsbelydenisse.

Die twee belydenisse se ontstaansgeskiedenis verskil en dit sal moeilik wees om kategoriees te stel dat die een die ander beïnvloed het. Tog is daar inhoudelik ooreenkomste. Hierdie ooreenkomste kan terug gevoer word na die

Skrif. In Nicea was daar selfs debat oor die vraag of woorde wat nie in die Skrif was nie, in die *credo* gebruik kon word.

SYMBOLUM APOSTOLICUM

Die kern van die Apostoliese *credo* is die oudste *credo* van die Christendom. Dit word dié *regula fidei* (maatstaf van geloof) genoem. Die ontstaan van die Apostolicum is vervleg met die aanvaarding van die kanon. Dit is moontlik om te stel dat die Apostolicum die kanon bevestig, sonder dat hierdie *credo* nou die gesagvolle dokument bo die Bybel word.

Daar is 'n tradisie wat stel dat die twaalf Apostels net na Pinkster elk 'n artikel tot die Apostolicum bygedra het sodat die suiwer leer behoue kon bly. Hierdie is 'n legende wat lankal as net storie uitgewys is. Tog is die koppeling tussen suiwer leer en die Apostolicum baie duidelik. Daar is twee hoof weergawes van *credo* te wete die vroeë Romeinse en 'n latere meer uitgebreide weergawe met tekens van invloed vanuit die Niceense *credo*. Die finale vorm van die Apostolicum kan eers terug gevoer word na die agste eeu na Christus.

Die kern van die Apostolicum kan volgens gesagvolle bronne terug gevoer word na die belydenis van geloof wat deur 'n dopeling verwoord is. Aanvanklik is hierdie belydenis gememoriseer deur gelowiges en nie op skrif gestel nie - uit vrees vir spot en skeeftrek van die belydenis.

Van die begin af was die *credo* by doop Trinitaries van aard. Dit is gedoen op spoor van Jesus se opdrag in Matteus 28. Hierdie Trinitariese indeling van die Apostolicum en later die Niceense belydenis repudieer enige argumente wat teenstanders wil ophaal teen die Triniteit. Die kern van hierdie belydenis was waarskynlik die belydenis van Petrus: Jesus is die Here. Elke gemeente het sy eie weergawe gehad van hierdie belydenis. Dit is opvallend dat die kern dieselfde verwoord is deur al die belydenisse wat terug gevind kon word. Die vroeë kerkvaders het net fragmentaries aangehaal en telkens sien ons dat die aanhalings ook terug gevoer kon word na die gesagvolle geskryfte van die eerste gelowiges. Alhoewel eers in Grieks verwoord, was dit die Roomse weergawe in Latyn wat groot veld gewen het in die vroeë kerk.

Irenaeus verwoord teen die jaar 200 in Grieks 'n belydenis wat baie na is aan die Apostolicum, maar sy verwysing is van so aard asof dit al klaar 'n ou bekende formule is.

Die Apostolicum was meer as 'n openbare belydenis van geloof by doop en daarna in die erediens, dit was die verwoording van 'n gemeenskaplike geloof deur mense wat die kern geken het, maar nie al die geskryfte gehad het of weens ongeletterdheid nie kon lees nie. Dit het gelowiges bewaar teen dwaling, hulle gehelp om ander te leer en hulle eie prediking te rig. Al was daar klein verskille, was die Apostolicum die basis vir verskillende kerke om mekaar te aanvaar as mede-gelowiges.

Die Apostolicum het 'n groot rol gespeel in die Weste, maar was amper nooit gebruik in die Griekse Ooste nie.

Σύμβολον τῆς Νικαίας

SYMBOLUM NICAENO-KONSTANTINOPOLITANUM

Philip Schaff dui oortuigend aan dat die eerste twee *credo's* 'n parallelle ontwikkeling gehad het. Beide het uit die doopformule ontstaan en gegroei, beide *credo's* het tot groot mate deur die geskiedenis heen dieselfde ontwikkeling en gebruike getoon. Dit is geen wonder dat daar so baie ooreenkomste tussen die twee is nie en ook verstaanbaar waarom daar verskille is. Die Niceense belydenis is die enigste amptelik aanvaarde belydenis.

Dit is in twee dele deur twee opeenvolgende konsilies verwoord en aanvaar, te wete die Eerste konsilie gehou te Nicea en die tweede konsilie, gehou te Konstantinopel. 'n Konsilie is die naam wat gegee word aan die eerste algemene kerkvergaderings van die kerk. Soos reeds genoem, was die kerke in kern eenstemmig, en tog was daar verskille. Hierdie gefragmenteerde kerke was vir Konstantyn 'n probleem. Al het hy op daardie stadium nog nie oorgegaan tot die Christelike geloof nie, wou hy graag dat Christene uit een mond praat. Die grootste probleem van die tyd was Arius se leer gewees. Arius het onder andere geleer dat Jesus net 'n skepsel was, dat die God van die Ou Testament net 'n demiurg was (*demiurg - volgens die leer van sommige Gnostici, en ook volgens Plato, intelligensie wat die oorspronklike chaos tot kosmos omskep – aldus die WAT*) en nie dieselfde was as die God van die Nuwe Testament nie. Daar was groot

stryd tussen Christene wat Arius ondersteun het en die Christene wat by die Bybelse boodskap wou bly. Teen die agtergrond het Konstantyn die eerste Konsilie uitgeroep.

Meer as 400 biskoppe het hierdie eerste kerkvergadering in 325nC bygewoon, die meeste van hulle uit die Griekse deel van die kerk. Die biskop van Rome was ongesteld en het derhalwe 'n paar ouderlinge gestuur.

Na vele beraadslaging is die eerste deel van die Niceense belydenis verwoord. Net twee biskoppe het teen die finale produk gestem omdat hulle Arius ondersteun het. Hulle is verban uit die kerk.

Dit is ironies dat die histories-kritiese navorsers steun verleen aan die nuwe aanhangers van Arius deur te stel dat Konstantyn die vergadering saamgeroep en aan hulle voorgeskryf het wat om te dink. Konstantyn wou vrede in sy ryk bewerkstellig. Hy was op daardie stadium nie 'n Christen nie en kon onmoontlik teologiese nuanses verstaan of verwoord. Die besluite geneem, is op teologiese gronde geneem. Opvallend is dat Konstantyn later, ten spyte van die Niceense belydenis, die Arius mistastings ondersteun het en amptelike beleid gemaak het. Die hele saak is eers te Konstantinopel tot tydelike ruste gebring. Hierdie eerste amptelike *credo* van Nicea het in formulering gekom tot by "en in die Heilige Gees". Weens nuwe kettere wat na Nicea met nuwe mistastings die kerk op 'n ander dwaalspoor wou bring, is die tweede deel van die Niceense belydenis te Konstantinopel in 381nC verwoord.

Nicea en Apostolicum

Tradisioneel vind die Grieks Ortodokse kerk meer aanklank by die Nicaeno-Konstantinopolitanum en die Westerse kerk (Roomse en Protestante) aanklank by die Apostolicum. Wyle professor Ben Engelbrecht was van mening dat net die Apostolicum tydens die erediens deel van die liturgie kon wees. Hy het hierdie standpunt gebaseer op die oortuiging dat net die Apostolicum in die kategetiese ter sprake kom.

Die ooreenkomste, asook die breër raamwerk wat die twee saam bied, maak dit wenslik om beide *credo's* in die liturgie in te werk. Dit is egter nodig om die ooreenkomste en verskille raak te sien. Dit sal duidelik word dat hierdie geloofsbelydenisse in wese met die Skrif en met mekaar saamstem en mekaar aanvul.